Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 1118

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRICE 10c PRYS
OVERSEAS 15c OORSEE
POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOERANT No. 1118

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 46] PRETORIA, 18 APRIL 18 APRIL 1969 [No. 2356

## PROCLAMATIONS

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 92, 1969

DATE OF COMING INTO OPERATION OF THE ESTABLISHMENT OF THE NORTHERN CAPE DIVISION OF THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA ACT, 1969

By virtue of the powers vested in me by section 21 of the Establishment of the Northern Cape Division of the Supreme Court of South Africa Act, 1969 (Act 15 of 1969), I hereby declare that the provisions of the said Act shall come into operation on 1 May 1969.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Ninth day of April, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
P. C. PELSER.

---

No. R. 93, 1969

EXPORTATION AND IMPORTATION OF KAFFIRCORN AND KAFFIRCORN PRODUCTS

Under the powers vested in me by section 87 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I hereby prohibit the exportation from and the importation into the Republic of kaffircorn and any kaffircorn product except under authority of a permit which may be issued by the Secretary for Agricultural Economics and Marketing or otherwise than in accordance with the conditions specified therein.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Eleventh day of April, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
D. C. H. UYS.

## PROKLAMASIES

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 92, 1969

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE WET OP DIE INSTELLING VAN DIE NOORD-KAAPSE AFDELING VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA, 1969

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 21 van die Wet op die Instelling van die Noord-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, 1969 (Wet 15 van 1969), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Wet op 1 Mei 1969 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Negende dag van April Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
P. C. PELSER.

---

No. R. 93, 1969

UITVOER EN INVOER VAN KAFFERKORING EN KAFFERKORINGPRODUKTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 87 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), belet ek hierby die uitvoer uit en die invoer in die Republiek van kafferkoring en 'n kafferkoringproduk behalwe op gesag van 'n permit wat deur die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking uitgereik kan word of anders as ooreenkomstig die voorwaardes daarin uiteengesit.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad op hede die Elfde dag van April Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
D. C. H. UYS.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 94, 1968.

FINANCIAL REGULATIONS FOR THE BASOTHO BA BORWA TERRITORIAL AUTHORITY AND TRIBAL AUTHORITIES IN ITS AREA

Under and by virtue of the powers vested in me by section 17 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), read with section 25 of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), I hereby, with effect from the date of publication hereof make the regulations contained in the Schedule hereto in respect of the financial administration of the affairs of the Basotho ba Borwa Territorial Authority and tribal authorities in its area.

And I do hereby declare that notwithstanding the cessation of effect in the area of the Basotho ba Borwa Territorial Authority of the general regulations for Bantu tribal and community authorities contained in the Schedule to Government Notice 939 of 1953, as amended, the said general regulations in so far as they relate to treasury and accounting and control of stores shall be deemed to have continued to have the force of law in the area of the Basotho ba Borwa Territorial Authority until the date of coming into operation of the regulations contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Eleventh day of April, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
M. C. BOTHA.

SCHEDULE

FINANCIAL REGULATIONS FOR THE BASOTHO BA BORWA TERRITORIAL AUTHORITY AND TRIBAL AUTHORITIES IN ITS AREA

*Definitions*

1. (1) In these regulations, unless inconsistent with the context—

"Accounting Officer" means the Chief Director who shall exercise the powers and perform the functions and duties prescribed in these regulations;

"authority moneys" means all revenue and all other moneys whatsoever received or held by, for, or on account of the Territorial Authority or a tribal authority;

"Chief Accountant" means the principal financial officer, who, under the direction of the Accounting Officer, is entrusted with the general financial administration of the Territorial Authority;

"department" means a department of the Territorial Authority;

"grant-in-aid" means an amount appropriated by the Territorial Authority for an institution, a committee or other body which amount is not required to be accounted for in detail and any unspent portion of which is not required to be surrendered;

"official" means any person in the employ of, or whose services have been placed at the disposal of, the Territorial Authority or a tribal authority;

"revenues" means all taxes, levies, rates and duties and all other receipts of the Territorial Authority or a tribal authority;

"Secretary" means the Secretary for Bantu Administration and Development;

"sub-accountant" means an official who is authorised to make payment and receive moneys on behalf of, and who is required to account therefor to, the Accounting Officer through the Chief Accountant;

No. R94, 1968

FINANSIËLE REGULASIES VIR DIE BASOTHO BA BORWA-GEBIEDSOWERHEID EN STAMOWERHEDE IN SY GEBIED

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 17 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), gelees met artikel 25 van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), vaardig ek, met ingang van die datum van afkondiging hiervan, hierby die regulasies vervat in die bylae hiervan uit ten opsigte van die finansiële administrasie van die sake van die Basotho ba Borwa-gebiedsowerheid en stamowerhede in sy gebied.

En verklaar ek hierby dat nieteenstaande die buitewerkingtreding in die gebied van die Basotho ba Borwa-gebiedsowerheid van die algemene regulasies vir Bantoestam- en -gemeenskapsowerhede vervat in die bylae van Goewermentskennisgewing 939 van 1953, soos gewysig, bedoelde algemene regulasies, vir sover hulle betrekking het op tesourie en boekhouding en beheer oor voorrade, geag word in die gebied van die Basotho ba Borwa-gebiedsowerheid die krag van wet te behou het tot die datum van die inwerkingtreding van die regulasies in die Bylae hierby vervat.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Elfde dag van April Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
M. C. BOTHA.

BYLAE

FINANSIËLE REGULASIES VIR DIE BASOTHO BA BORWA-GEBIEDSOWERHEID EN STAMOWERHEDE IN SY GEBIED

*Woordomskrywing*

1. (1) In hierdie regulasies, tensy strydig met die sinsverband, beteken—

"amptenaar" 'n persoon wat in die diens is van, of wie se dienste tot beskikking gestel is van, die Gebiedsowerheid of 'n stamowerheid;

"begrotingspos" 'n hoofindeling van die Gebiedsowerheid se bewilliging vir die diens van 'n boekjaar;

"departement" 'n departement van die Gebiedsowerheid;

"die Wet" die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951);

"Gebiedsowerheid" die Basotho ba Borwa-gebiedsowerheid;

"Hoofrekenmeester" die hoof-finansiële beampte aan wie die algemene finansiële administrasie van die Gebiedsowerheid, onder die toesig van die Rekenpligtige Beampte, toevertrou is;

"hulptoelae" 'n bedrag wat deur die Gebiedsowerheid vir 'n inrigting, komitee of ander liggaam bewillig word, wat nie in besonderhede verantwoord hoef te word nie en waarvan enige onbestede saldo nie teruggestort hoef te word nie;

"inkomste" alle belastings, heffings, regte en alle ander ontvangste van die Gebiedsowerheid of 'n stamowerheid;

"onderrekenmeester" 'n amptenaar wat gemagtig is om betalings te doen en gelde te ontvang namens en verantwoording daarvan moet doen aan die Rekenpligtige Beampte deur bemiddeling van die Hoofrekenmeester;

"owerheidsgelde" alle inkomste en alle ander gelde hoegenaamd ontvang of gehou deur, vir of vir rekening van die Gebiedsowerheid of 'n stamowerheid;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



"sub-head" means the main division of a vote under which the expenditure is accounted for by the Accounting Officer;

"Territorial Authority" means the Basotha ba Borwa Territorial Authority;

"the Act" means the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951);

"treasury" means a treasury established in terms of section 8 of the Act;

"vote" means a main division of the Territorial Authority's appropriation for the service of a financial year.

(2) Any other term used in these regulations and defined in the Act and the regulations published in Proclamation R. 59 of 1969, has the meaning assigned to it by the Act or that Proclamation.

*Financial Year*

2. The financial year shall be from 1 April in any year to 31 March in the following year.

*Auditing of Accounts*

3. (1) The accounts of the Territorial Authority shall be examined, enquired into and audited by the Controller and Auditor-General.

(2) The Secretary shall make or cause to be made such arrangements as he may deem fit for the auditing of the accounts of a tribal authority.

*Treasuries: Receipts and Payments*

4. (1) Into the treasury, established in respect of the Territorial Authority, shall be paid, as from a date to be determined by the Minister, such amounts as specified in section 11 (1) of the Act, as well as appropriations from the South African Bantu Trust Fund and such other moneys as the Minister may determine from time to time.

(2) Except as provided in subregulation (3), all expenditure incurred in connection with any matter within the purview of the functions of the Territorial Authority shall be met from funds available in the treasury: Provided that no money shall be withdrawn from the treasury except under appropriation, or as provided for in regulation 15.

(3) During the period between the date of the constitution of the Executive Council and the date determined under subregulation (1), all expenditure shall be met from the source from which it would have been met, and all revenues and other moneys collected, shall accrue to the account to which it would have accrued, had these regulations not been made.

5. (1) Into the treasury, established in respect of a tribal authority, shall be paid—

(a) all amounts specified in section 9 (1) of the Act;

(b) all amount held in separate accounts in terms of section 9 (2) of the Act;

(c) all moneys appropriated by the Territorial Authority and assigned to a tribal authority in its area for the performance of functions and duties in terms of the Act and these regulations; and

(d) all moneys to be held in trust by a tribal authority on behalf of a person or body as the Secretary may direct.

(2) All payments in connection with any matter within the purview of the functions of a tribal authority shall be made from funds available in the treasury: Provided that moneys held in terms of subregulation (1) (b) and (d) may only be paid to, or utilised on behalf of the communities, tribes, persons or bodies on whose behalf such moneys are held, unless they shall otherwise direct.

"Rekenpligtige Beampte" die Hoofdirekteur wat die bevoegdhede moet uitoefen en werksaamhede en pligte moet verrig wat in hierdie regulasies voorgeskryf is;

"Sekretaris" die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling;

"subhoof" die hoofindeling van 'n begrotingspos waaronder uitgawes deur die Rekenpligtige Beampte verantwoord word;

"tesourie" 'n tesourie ingestel ingevolge artikel 8 van die Wet.

(2) Enige ander uitdrukking wat in hierdie regulasies gebruik word en omskryf is in die Wet en die regulasies afgekondig by Proklamasie R59 van 1969 het die betekenis wat in die Wet of daardie Proklamasie daaraan geheg is.

*Boekjaar*

2. Die boekjaar loop van 1 April in enige jaar tot 31 Maart in die volgende jaar.

*Ouditering van Rekenings*

3. (1) Die rekenings van die Gebiedsowerheid word deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal nagesien, ondersoek en geouditeer.

(2) Die Sekretaris moet sodanige reëlings tref of laat tref as wat hy goedvind vir die ouditering van die rekenings van 'n stamowerheid.

*Tesourieë: Ontvangste en Betalings*

4. (1) In die tesourie ten opsigte van die Gebiedsowerheid ingestel, word vanaf 'n datum deur die Minister bepaal, sodanige bedrae inbetaal soos gespesifiseer in artikel 11 (1) van die Wet, asook bewilligings uit die Suid-Afrikaanse Bantoetrustfonds en sodanige ander gelde as wat die Minister van tyd tot tyd bepaal.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (3) word alle uitgawe aangegaan in verband met enige aangeleentheid binne die bestek van die werksaamhede van die Gebiedsowerheid bestry uit fondse in die tesourie beskikbaar: Met dien verstande dat geen gelde uit die tesourie onttrek word nie behalwe soos bewillig of soos by regulasie 15 bepaal.

(3) Gedurende die tydperk tussen die datum van samestelling van die Uitvoerende Raad en die datum kragtens subregulasie (1) bepaal, word alle uitgawe bestry uit die bron waaruit dit bestry sou gewees het, en val alle inkomste en ander ingevorderde gelde aan die rekening toe waaraan dit sou toegeval het, indien hierdie regulasies nie afgekondig was nie.

5. (1) In die tesourie ingestel vir 'n stamowerheid word inbetaal—

(a) alle bedrae gespesifiseer in artikel 9 (1) van die Wet;

(b) alle bedrae wat in afsonderlike rekenings gehou word ingevolge artikel 9 (2) van die Wet;

(c) alle gelde bewillig deur die Gebiedsowerheid en toegewys aan 'n stamowerheid binne sy gebied vir die verrigting van werksaamhede en pligte ingevolge die wet en hierdie regulasies; en

(d) alle gelde wat deur 'n stamowerheid in trust gehou moet word ten behoewe van 'n persoon of liggaam na gelang die Sekretaris gelas.

(2) Alle betalings in verband met enige aangeleentheid binne die bestek van die werksaamhede van 'n stamowerheid word gedoen uit fondse in die tesourie beskikbaar: Met dien verstande dat gelde gehou ingevolge subregulasie (1) (b) en (d) slegs betaal word aan of aangewend word ten behoewe van die gemeenskappe, stamme, persone of liggame ten behoewe van wie sodanige gelde gehou word, tensy hulle anders gelas.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Banking Accounts*

6. (1) The Territorial Authority shall maintain at a registered commercial bank the undermentioned accounts:—

(a) An account styled the Grants and Revenue Account into which shall be paid all moneys accruing to the treasury in terms of regulation 4 (1);

(b) an account styled the Receipts and Payments Account into which shall be paid the sums referred to in regulation 7 (a) and from which all payments in terms of regulation 4 (2) shall be made;

(c) such other banking account or accounts as the Chief Director may deem necessary, into which and from which shall be paid all trust and similar funds and all moneys temporarily deposited with the Territorial Authority.

(2) Unless otherwise directed by a tribal authority in consultation with the Chief Director, all moneys mentioned in regulation 5 (1) shall be held in a separate banking account and be accounted for by the Chief Director. Separate accounts shall be maintained in respect of trust moneys held in terms of regulation 5 (1) (b) and (d).

(3) No official banking account may be overdrawn or used for purposes other than transactions performed in an official capacity.

*Duties and Responsibilities of Accounting Officer*

7. The Accounting Officer shall—

(a) authorise the bank to transfer from the Grants and Revenue Account to the Receipts and Payments Account such sums as may from time to time be required to meet expenditure on the services specified in the approved estimates;

(b) obtain a daily statement from the bank of the balance in the Grants and Revenue Account as well as the Receipts and Payments Account;

(c) cause any balances in the accounts referred to in regulations 6 (1) in excess of normal requirements to be invested in consultation with the Secretary;

(d) be competent to authorise the repayment from the Grants and Revenue Account of any sums erroneously paid into the said account;

(e) be held responsible for—

(i) the prompt and effective collection, custody, banking and management of all revenues and authority moneys placed under his control and for duly accounting therefor;

(ii) the general administration of the votes or funds in his charge;

(iii) all the expenditure made from the votes and accounts under his control, and his signature to the accounts referred to in subparagraph (ix) shall be held to imply that he is satisfied as to the correctness and propriety of the transactions and that the several services for which payments have been made, have been performed or rendered;

(iv) ensuring that all payments made by him or on his behalf have been duly authorised;

(v) instituting and maintaining adequate systems of internal check and controls;

(vi) the accuracy of the accounts maintained by him or under his direction;

(vii) replying to all questions raised upon the accounts under his control by the Controller and Auditor-General;

(viii) furnishing the draft estimates when required;

*Bankrekenings*

6. (1) Die Gebiedsowerheid hou ondergemelde rekenings by 'n geregistreerde handelsbank:—

(a) 'n rekening, genoem die Bewilligings- en -inkomsterekening, waarin alle gelde wat ingevolge regulasie 4 (1) aan die tesourie toeval, gestort word;

(b) 'n rekening, genoem die Ontvangste-en-betalingsrekening waarin die bedrae in regulasie 7 (a) bedoel, inbetaal word en waaruit alle betalings ingevolge regulasie 4 (2) gedoen word;

(c) sodanige ander bankrekening of -rekenings as wat die Hoofdirekteur nodig ag en waarin en waaruit alle trust- en dergelike fondse, en gelde wat tydelik by die Gebiedsowerheid gedeponeer is, betaal word.

(2) Tensy 'n stamowerheid in oorleg met die Hoofdirekteur anders gelas, word alle gelde vermeld in regulasie 5 (1) in 'n aparte bankrekening gehou en verantwoord deur die Hoofdirekteur. Afsonderlike rekenings word gehou vir trustgelde wat ingevolge regulasie 5 (1) (b) en (d) gehou word.

(3) Geen amptelike bankrekening mag oortrek word nie of vir ander doeleindes as transaksies in 'n amptelike hoedanigheid deurgevoer, gebruik word nie.

*Pligte en Verantwoordelikhede van Rekenpligtige Beampte*

7. Die Rekenpligtige Beampte—

(a) magtig die bank om sodanige bedrae as wat van tyd tot tyd nodig is om uitgawe aan dienste soos gespesifiseer in die goedgekeurde begroting te dek, uit die Bewilligings-en-inkomsterekening na die Ontvangste-en-betalingsrekening oor te plaas;

(b) verkry 'n daaglikse staat van die bank ten opsigte van die saldo in die Bewilligings-en-inkomsterekening asook in die Ontvangste-en-betalingsrekening;

(c) laat enige saldo's bo die normale benodigdhede in die rekenings vermeld in regulasie 6 (1), in oorleg met die Sekretaris belê;

(d) is bevoeg om terugbetaling uit die Bewilligings-en-inkomsterekening te magtig van enige bedrae wat foutief in vermelde rekening inbetaal is;

(e) is verantwoordelik—

(i) vir die stiptelike en doeltreffende invordering, bewaring, bank en bestuur van alle inkomste en owerheidsgelde onder sy beheer en die behoorlike verantwoording daarvan;

(ii) vir die algemene administrasie van die begrotingsposte of fondse onder sy beheer;

(iii) vir alle uitgawes uit die begrotingsposte en rekenings onder sy beheer, en sy handtekening op die rekenings in subparagraaf (ix) vermeld, word geag te beteken dat hy oortuig is van die korrektheid en behoorlikheid van die transaksies en dat die verskeie dienste waarvoor betaling gedoen is, inderdaad verrig of gelewer is;

(iv) om toe te sien dat daar behoorlike magtiging bestaan vir alle betalings deur of namens hom gedoen;

(v) vir die instelling en handhawing van doeltreffende stelsels van interne verifikasie en kontrole;

(vi) vir die juistheid van die rekeninge deur hom of volgens sy opdrag gehou;

(vii) vir die beantwoording van alle vrae wat deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal gestel word oor die rekenings onder sy beheer;

(viii) vir die verstrekking van konsepbegrotings wanneer dit vereis word;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(ix) rendering to the Controller and Auditor-General and the Secretary the annual appropriation accounts, finance accounts and such other accounts and returns as may be required by the Controller and Auditor-General;

(x) all changes having an effect on expenditure and revenue being promptly notified to the Chief Accountant or treasurer of a tribal authority, as the case may be, or any other official charged with the collection and disbursement of authority moneys.

8. If a Councillor or the Executive Council directs that a payment be made despite the fact that the Accounting Officer has stated that he considers such payment to be incorrect or irregular in any way, the matter shall be referred to the Secretary for a ruling before payment is effected and his ruling shall be final.

9. In the absence of the Accounting Officer, his duties and responsibiliies shall, except by special arrangement with the Secretary, devolve upon the official taking over his administrative duties.

*Appointment of Treasurer*

10. A tribal authority may, subject to the approval of the Chief Director, appoint a suitable person as its treasurer who shall be responsible to the tribal authority for the accurate keeping of its account.

*Responsibilities of Chief Accountant*

11. (1) The Chief Accountant shall be responsible to the Accounting Officer for the accurate keeping of the accounts necessary for the proper recording of transactions arising from the various functions assigned to the Accounting Officer.

(2) The Chief Accountant shall be charged with the duty of receiving moneys and making payments on behalf of the Accounting Officer and with such other duties and responsibilities as are assigned to him in these regulations.

*Chief Accountant to take Instructions from Accounting Officer*

12. The Chief Accountant shall take instructions relating to accounts in his charge only from the Accounting Officer and all requests for the issue of such instructions shall be addressed to the Accounting Officer. All instructions or requests for instructions affecting sub-accountants shall be addressed through the Chief Accountant.

*Accounting Officer to Communicate with Secretary by Minute and Matters to be Submitted*

13. In addition to the matters specifically provided for in these regulations or financial instructions issued in terms of regulation 34, the Accounting Officer shall refer to the Secretary for a decision, authority, directive or for guidance all questions relating to—

(a) the keeping of accounts;

(b) the interpretation of instructions and authorities;

(c) the incidence of expenditure and excesses upon votes, sub-heads or services arising out of authorities already given;

(d) matters not provided in these regulations or financial instructions which have a direct or indirect bearing upon finance; and

(e) any other matter which the Secretary after consultation with the Controller and Auditor-General may direct.

(ix) vir die verstrekking aan die Kontroleur en Ouditeur-generaal en die Sekretaris van die jaarlikse appropriasierekenings, finansiële rekenings en sodanige ander rekenings en opgawes as wat die Kontroleur en Ouditeur-generaal vereis;

(x) vir spoedige kennisgewing van alle veranderings wat uitgawe of inkomste raak aan die Hoofrekenmeester of tesourier van 'n stamowerheid, nagelang van die geval, of enige ander amptenaar belas met die invordering en uitbetaling van owerheidsgelde.

8. Indien 'n raadslid of die Uitvoerende Raad opdrag gee dat 'n betaling gedoen moet word, ten spyte van die feit dat die Rekenpligtige Beampte verklaar het dat hy sodanige betaling in enige opsig verkeerd of onreëlmatig beskou, moet die aangeleentheid na die Sekretaris verwys word vir 'n beslissing voordat betaling kan geskied, en sy beslissing is finaal.

9. Tydens die afwesigheid van die Rekenpligtige Beampte gaan sy pligte en verantwoordelikhede, tensy spesiale reëlings met die Sekretaris getref is, oor op die amptenaar wat sy administratiewe pligte oorneem.

*Aanstelling van Tesourier*

10. 'n Stamowerheid kan, behoudens die goedkeuring van die Hoofdirekteur, 'n geskikte persoon aanstel as sy tesourier wat verantwoordelik is aan die stamowerheid vir die noukeurige hou van sy rekening.

*Verantwoordelikhede van Hoofrekenmeester*

11. (1) Die Hoofrekenmeester is verantwoordelik aan die Rekenpligtige Beampte vir die noukeurige hou van die rekenings wat nodig is vir die behoorlike aantekening van transaksies wat voortspruit uit die verskillende werksaamhede wat aan die Rekenpligtige Beampte opgedra is.

(2) Die Hoofrekenmeester is belas met die plig om gelde te ontvang en betalings te doen namens die Rekenpligtige Beampte en met ander pligte en verantwoordelikhede in hierdie regulasies aan hom opgedra.

*Hoofrekenmeester ontvang opdragte van Rekenpligtige Beampte*

12. Die Hoofrekenmeester ontvang sy opdragte betreffende rekenings onder sy beheer slegs van die Rekenpligtige Beampte en alle versoeke dat sodanige opdragte uitgereik moet word, moet aan die Rekenpligtige Beampte gerig word. Alle opdragte of versoeke om opdragte wat onderrekenmeesters raak, moet deur bemiddeling van die Hoofrekenmeester gerig word.

*Rekenpligtige Beampte tree per Diensbrief in verbinding met Sekretaris, en sake wat voorgelê moet word*

13. Benewens die aangeleenthede uitdruklik bepaal in hierdie regulasies of die finansiële voorskrifte uitgereik ingevolge regulasie 34, verwys die Rekenpligtige Beampte na die Sekretaris vir beslissing, magtiging, opdrag of leiding alle sake betreffende—

(a) die hou van rekenings;

(b) die vertolking van voorskrifte en magtigings;

(c) die vestiging of indeling van uitgawes en oorskrydings van begrotingsposte, subhoofde of dienste wat ontstaan uit magtigings reeds verleen;

(d) aangeleenthede waarvoor in hierdie regulasies of die finansiële voorskrifte nie voorsiening gemaak is nie en wat regstreeks of onregstreeks verband hou met finansies; en

(e) enige ander aangeleentheid wat die Sekretaris na oorlegpleging met die Kontroleur en Ouditeur-generaal gelas.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Estimates of Revenue and Expenditure*

14. The annual draft estimates of revenue and expenditure shall—

(a) in the case of a tribal authority be prepared by the relative authority after consultation with the Magistrate and shall thereafter be submitted to the Executive Council for consideration and determination of the contribution, if any, to be provided in the estimates of the Territorial Authority;

(b) in the case of the Territorial Authority be presented to the Executive Council for consideration and shall therafter be submitted to the Minister for determination of the contribution, if any, required to be made available from the South African Bantu Trust Fund towards the revenue of the Territorial Authority to cover expenditure for the ensuing financial year. After the amount of the contribution has been determined the draft estimates, in such form as may from time to time be prescribed by the Secretary after consultation with the Executive Council, shall be introduced in and considered by the Territorial Authority in the manner provided for in its rules of procedure.

15. (1) The course of each financial year's expenditure shall follow the approved estimates: Provided that until the estimates have been approved and for a period not exceeding two months after the end of a financial year, expenditure, not exceeding an amount to be determined by the Minister, may be incurred before such approval in order to meet expenditure on services in respect of which provision has been made up to the end of that financial year.

(2) The provision in respect of a vote or the total amount provided in the approved estimates of expenditure, shall not be exceeded, and expenditure in respect of services for which the Territorial Authority has made no provision, shall not be incurred, unless the prior approval of the Minister, on the recommendation of the Executive Council, has been obtained: Provided that the sums so authorised shall be subject to appropriation by the Territorial Authority at its next ensuing session.

(3) In the case of a tribal authority expenditure in respect of services for which no provision exists on the approved estimates, or an excess on the provision as a whole, shall not be incurred unless the prior approval of the Executive Council has been obtained.

*Expenditure to Be Classed Under Appropriate Head of Service*

16. Subject to the provisions of any appropriation enactment for the time being in force, all expenditure shall be classed under the appropriate head of service as shown in the estimates. If any question arises as to the proper classisfication of any charge it shall, in the case of the Territorial Authority, be referred to the Secretary, and, in the case of a tribal authority, to the Chief Director. The decisions of the Secretary and the Chief Director, respectively, shall be final.

*Refunds, Remissions of Grace or Favour and Writing Off of Revenues*

17. (1) Refunds and remissions of grace or favour of revenue may be allowed on such conditions and in such circumstances as may be prescribed by the Secretary.

(2) No irrecoverable revenues shall be written off without the authority of the Secretary.

*Begrotings van Uitgawe en Inkomste*

14. Die jaarlikse konsepbegroting van inkomste en uitgawe word—

(a) in die geval van 'n stamowerheid deur die betrokke owerheid opgestel na oorlegpleging met die Magistraat en daarna aan die Uitvoerende Raad voorgelê vir oorweging en vasstelling van die bydrae, as daar is, waarvoor op die Gebiedsowerheid se begroting voorsiening gemaak moet word;

(b) in die geval van die Gebiedsowerheid aan die Uitvoerende Raad voorgelê vir oorweging en daarna deurgestuur aan die Minister vir bepaling van die bydrae, as daar is, wat nodig is om uit die Suid-Afrikaanse Bantoetrustfonds beskikbaar gestel te word as inkomste vir die Gebiedsowerheid om uitgawe vir die volgende boekjaar te bestry. Nadat die bedrag van die bydrae bepaal is, word die konsepbegroting, in sodanige vorm as wat van tyd tot tyd deur die Sekretaris na oorlegpleging met die Uitvoerende Raad voorgeskryf word, ingedien by en oorweeg deur die Gebiedsowerheid op die wyse bepaal in sy reglement van orde.

15. (1) Die verloop van uitgawes van elke boekjaar moet die goedgekeurde begroting volg: Met dien verstande dat tot tyd en wyl die begroting goedgekeur is en vir 'n tydperk van hoogstens twee maande na die einde van 'n boekjaar, uitgawes, van hoogstens 'n bedrag deur die Minister bepaal, aangegaan kan word voor sodanige goedkeuring, ten einde uitgawe aan dienste ten opsigte waarvan voorsiening tot die einde van daardie boekjaar gemaak is, te dek.

(2) Die voorsiening ten opsigte van 'n begrotingspos of die totale bedrag bewillig in die goedgekeurde begroting van uitgawe mag nie oorskry word nie, en uitgawe ten opsigte van dienste waarvoor die Gebiedsowerheid nie voorsiening gemaak het nie mag nie aangegaan word nie, tensy vooraf goedkeuring van die Minister op aanbeveling van die Uitvoerende Raad verkry is nie: Met dien verstande dat die bedrae aldus gemagtig onderworpe is aan bewilliging deur die Gebiedsowerheid tydens sy eerste daaropvolgende sessie.

(3) In die geval van 'n stamowerheid mag uitgawes ten opsigte van dienste waarvoor voorsiening nie op die goedgekeurde begrotings bestaan nie of 'n oorskryding van die voorsiening as geheel, nie aangegaan word nie, tensy vooraf goedkeuring van die Uitvoerende Raad verkry is.

*Uitgawes moet onder Toepaslike Dienshoof Ingedeel word*

16. Behoudens die bepalings van enige begrotingsmaatreël wat as dan van krag is, moet alle uitgawes onder die toepaslike dienshoof soos op die begroting aangegee, ingedeel word. Indien enige vraag ontstaan oor die behoorlike indeling van enige las, moet dit in die geval van die Gebiedsowerheid na die Sekretaris en in die geval van 'n stamowerheid na die Hoofdirekteur verwys word. Die onderskeie beslissings van die Sekretaris en die Hoofdirekteur is finaal.

*Terugbetalings, Kwytskeldings uit Grasie of Guns en Afskrywing van Inkomste*

17. (1) Terugbetalings en kwytskeldings van inkomste uit grasie of guns kan toegelaat word op sodanige voorwaardes en onder sodanige omstandighede as wat die Sekretaris voorskryf.

(2) Geen oninvorderbare inkomste mag sonder die magtiging van die Sekretaris afgeskryf word nie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Refunds of Sums Received in Error or on Behalf of Other Persons*

18. All refunds of sums received in error or collected on behalf of persons or bodies other than the Territorial Authority or a tribal authority and which have been accounted for as revenue, shall be paid out of accruing revenues, except where provision for such payment is included in a vote.

*Responsibilities Cannot Be Deputed*

19. The Accounting Officer, Chief Accountant, treasurer of a tribal authority or any sub-accountant cannot relieve himself of responsibility by deputing it to a subordinate official.

*Power of Minister to Limit or Suspend Expenditure Provided in the Approved Estimates*

20. The provision for expenditure included in the approved estimates of expenditure shall not be deemed to confer upon the Accounting Officer authority to expend the full amount of the sums so granted, but shall be regarded as indicating the maximum amount that may be devoted to the services specified, and it shall be within the power of the Minister to limit or suspend expenditure so provided for if the exigencies of the financial situation render such limitation or suspension desirable. All such limitations or suspensions of expenditure shall be notified by the Secretary to the Accounting Officer and the Controller and Auditor-General.

*Payments to Be Made Only for Value Received*

21. Without the approval of the Secretary no final payment, except duly authorised grants-in-aid, shall be made from voted funds except for services rendered to the Territorial Authority or a tribal authority, or for value received or in pursuance of a judgment of a competent court.

22. No payment shall be made before it becomes due and unless specially authorised by the Secretary no expenditure shall be incurred in advance of requirements in order to utilise an anticipated saving or for any other reason.

23. Payments "on account" in respect of supplies, services or work shall not be permitted unless supported by a certificate that the amount is fully covered by the supplies delivered or the work or services performed: Provided that in special circumstances the Secretary may authorise a departure from this regulation.

*Official Receipts*

24. Unless otherwise prescribed by the Secretary every official shall immediately give an official receipt for all moneys received by him in his official capacity: Provided that when payment is made by means of a post-dated cheque an official receipt shall not be issued before the date of such cheque.

*Vouchers to Be Furnished in Support of Payments*

25. (1) Vouchers shall be furnished in support of all payments made by the Accounting Officer and the treasurer of a tribal authority.

(2) Where, in the case of the Territorial Authority a voucher is defective in any respect or has been lost or destroyed, the provisions of section 56 (3) (a) (ii) of the Exchequer and Audit Act, 1956, shall apply, and the

*Terugbetaling van Bedrae per Abuis of ten Behoewe van Ander Persone Ontvang*

18. Alle terugbetalings van bedrae wat per abuis ontvang is of wat ten behoewe van enige persoon of liggaam, uitgesonderd die Gebiedsowerheid of 'n stamowerheid ingevorder is, en wat as inkomste verantwoord is, moet uit oplopende inkomste betaal word tensy voorsiening vir sodanige betaling onder 'n begrotingspos gemaak is.

*Verantwoordelikhede kan nie Oorgedra word nie*

19. Die Rekenpligtige Beampte, Hoofrekenmeester, tesourier van 'n stamowerheid of enige onderrekenmeester kan hom nie van verantwoordelikheid onthef deur dit aan 'n ondergeskikte amptenaar oor te dra nie.

*Bevoegdheid van Minister om Uitgawes waarvoor op die Goedgekeurde Begroting Voorsiening Gemaak is, te Beperk of op te Skort*

20. Voorsiening wat vir uitgawes gemaak word op die goedgekeurde begroting van uitgawe word nie geag magtiging aan die Rekenpligtige Beampte te verleen om die volle bedrae aldus toegestaan, uit te gee nie, maar moet beskou word as 'n aanduiding van die maksimum bedrag wat aan die gespesifiseerde dienste bestee mag word, en die Minister het die bevoegdheid om uitgawes waarvoor aldus voorsiening gemaak is, te beperk of op te skort indien die vereistes van die finansiële toestand sodanige beperking of opskorting wenslik maak. Die Sekretaris moet die Rekenpligtige Beampte en die Kontroleur en Ouditeur-generaal van alle sodanige beperkings of opskortings van uitgawes verwittig.

*Betaling moet Slegs gedoen word vir Waarde Ontvang*

21. Sonder die goedkeuring van die Sekretaris mag geen finale betaling, uitgesonderd behoorlik gemagtigde hulptoelaes, uit bewilligde gelde gedoen word nie, behalwe vir dienste aan die Gebiedsowerheid of 'n stamowerheid gelewer of vir waarde ontvang of ingevolge 'n uitspraak van 'n bevoegde hof.

22. Geen betaling mag gedoen word voordat dit verskuldig word nie en, tensy die Sekretaris spesiale magtiging daartoe verleen, mag geen uitgawe wat behoeftes vooruitloop, aangegaan word om 'n verwagte besparing te benut of om enige ander rede nie.

23. Betalings "op rekening" ten opsigte van voorrade, dienste of werk is nie geoorloof nie, tensy dit gestaaf word deur 'n sertifikaat dat die bedrag ten volle gedek is deur die voorrade gelewer of die werk of dienste verrig: Met dien verstande dat die Sekretaris in spesiale omstandighede 'n afwyking van hierdie regulasie kan magtig.

*Amptelik Kwitansies*

24. Tensy anders voorgeskryf deur die Sekretaris moet elke amptenaar onverwyld 'n amptelike kwitansie uitreik vir alle gelde wat hy in sy amptelike hoedanigheid ontvang: Met dien verstande dat waar betaling by wyse van 'n vooruitgedateerde tjek gedoen word, 'n amptelike kwitansie nie voor die datum van sodanige tjek uitgereik mag word nie.

*Bewysstukke moet ter Stawing van Betalings Verstrek word*

25. (1) Bewysstukke moet verstrek word ter stawing van alle betalings gedoen deur die Rekenpligtige Beampte en die tesourier van 'n stamowerheid.

(2) Waar in die geval van 'n Gebiedsowerheid 'n bewysstuk in enige opsig gebrekkig is of verloor of vernietig is, is die bepalings van artikel 56 (3) (a) (ii) van die Skatkis- en Ouditwet, 1956, van toepassing en die

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



reference to the controlling executive authority in the said section shall be deemed to be a reference to the Chief Councillor.

(3) In the case of a tribal authority the chief may, if satisfied with the explanation advanced by the treasurer, grant authority dispensing with the production of a defective, lost or destroyed voucher for the purposes of subregulation (1).

*Advances from Voted Moneys Prohibited*

26. No advance not being a loan specifically authorised in the approved estimates of expenditure or an advance required in connection with the administration of a department, shall be made by the Accounting Officer from funds provided in the estimates except to a subaccountant or treasurer of a tribal authority for the services for which he accounts or to some other departmental official for a purpose specified in these regulations or the financial instructions issued in terms of regulation 34.

*Use of Authority Moneys for Unauthorised Purposes Prohibited*

27. No official shall, unless authorised by these regulations, make use of any authority money or property for personal or other purposes, nor shall any official advance, lend or exchange any sum or property for which he is answerable to the Territorial Authority or a tribal authority, or which he has received in his official capacity.

*Losses of Authority Moneys and Property to Be Reported and Made Good*

28. (1) Losses arising from any improper payments, fruitless expenditure or failure to collect any moneys due to the Territorial Authority or a tribal authority, or any deficiency in, loss or destruction of or damage to authority moneys, stamps, face value instruments and forms having a potential value, securities, stores or other property, shall, in the case of the Territorial Authority, be reported immediately by the Accounting Officer to the Controller and Auditor-General with such particulars as are available: Provided that the Controller and Auditor-General may dispense with the submission of a report or otherwise allow that certain losses be reported by means of schedules at stated intervals. In the case of a tribal authority the treasurer shall report such losses immediately to the Magistrate, who in turn shall report the matter to the Chief Director.

(2) The Accounting Officer or treasurer, as the case may be, shall be responsible for ensuring that all losses are made good by the offical responsible or the person who has benefited thereby.

(3) Should a loss not be recovered in full the amount outstanding, shall, upon prior approval of the Secretary having been obtained, be made good out of moneys provided in the estimates or written off charge as the case may be.

*Trust Moneys*

29. All trust moneys and similar funds and all moneys temporarily deposited with the Accounting Officer, or any other official, shall be treated as deposits and dealt with as the Secretary may direct except as otherwise provided by law or special regulations.

verwysing in genoemde artikel na die uitvoerende bestuur in beheer word geag 'n verwysing te wees na die Hoofraadslid.

(3) In die geval van 'n stamowerheid kan die kaptein, as hy tevrede is met die verduideliking verstrek deur die tesourier, magtiging verleen om vir doeleindes van subregulasie (1) af te sien van die oorlegging van 'n bewysstuk wat gebrekking, verloor of vernietig is.

*Voorskotte uit Bewilligde Gelde Verbode*

26. Geen voorskot, uitgesonderd 'n lening wat spesifiek gemagtig is op die goedgekeurde begroting van uitgawe, of 'n voorskot vereis in verband met die administrasie van 'n departement mag betaal word deur die Rekenpligtige Beampte uit fondse waarvoor op die beroting voorsiening gemaak is nie, behalwe aan 'n onderrekenmeester of 'n tesourier van 'n stamowerheid vir die dienste waarvoor hy verantwoording doen of aan 'n ander departementele amptenaar vir 'n doel wat in hierdie regulasies of die finansiële voorskrifte uitgevaardig ingevolge regulasie 34 vermeld is.

*Gebruik van Owerheidsgelde vir Ongemagtigde Doeleindes Verbode*

27. Geen amptenaar mag enige owerheidsgelde of -eiendom vir persoonlike of enige ander doeleindes gebruik nie, tensy hierdie regulasies magtiging daartoe verleen en 'n amptenaar mag ook nie enige bedrag of eiendom waarvoor hy aan die Gebiedsowerheid of stamowerheid verantwoordelik is of wat hy in sy amptelike hoedanigheid ontvang het, voorskiet, uitleen of verruil nie.

*Verliese van Owerheidsgelde en Eiendom moet Gerapporteer en Goedgemaak word*

28. (1) Verliese wat ontstaan uit enige onbehoorlike betalings, vrugtelose uitgawe of versuim om gelde wat aan die Gebiedsowerheid of 'n stamowerheid verskuldig is, in te vorder, of enige tekort in, verlies, vernietiging of beskadiging van owerheidsgelde, seëls, sigwaardestukke en vorms met 'n potensiële waarde, sekuriteite, voorrade of ander eiendom moet in die geval van die Gebiedsowerheid onmiddellik deur die Rekenpligtige Beampte aan die Kontroleur en Ouditeur-generaal gerapporteer word tesame met die beskikbare besonderhede: Met dien verstande dat die Kontroleur en Ouditeur-generaal kan bepaal dat 'n verslag nie ingedien hoef te word nie of anders kan toelaat dat sekere verliese deur middel van state op gesette tye gerapporteer word. In die geval van 'n stamowerheid moet die tesourier sodanige verliese onmiddellik aan die Magistraat rapporteer wat op sy beurt die aangeleentheid aan die Hoofdirekteur moet rapporteer.

(2) Dit is die verantwoordelikheid van die Rekenpligtige Beampte of tesourier, na gelang van die geval, om te verseker dat alle verliese goedgemaak word deur die amptenaar wat daarvoor verantwoordelik is of die persoon wat voordeel daaruit getrek het.

(3) Indien 'n verlies nie ten volle verhaal word nie, moet die uitstaande bedrag uit gelde waarvoor op die begroting voorsiening gemaak is, betaal word of afgeskryf word, na gelang van die geval, nadat die Sekretaris se goedkeuring vooraf verkry is.

*Trustgelde*

29. Alle trustgelde en dergelike fondse en alle gelde wat tydelik by die Rekenpligtige Beampte of enige ander amptenaar gedeponeer is, moet as deposito's beskou word en daarmee moet gehandel word soos die Sekretaris gelas, behalwe waar anders by wet of spesiale regulasies bepaal.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



30. (1) As soon as possible after the accounts have been closed in respect of any financial year, but in every case within three months after the close of the financial year, the Accounting Officer shall render to the Controller and Auditor-General such accounts in respect of all trust and similar funds as the Secretary, after consultation with the Controller and Auditor-General, may direct.

(2) Similar accounts in respect of moneys temporarily paid into the treasury of a tribal authority shall be rendered to the Accounting Officer.

*Preparation of Accounts and Transmission to Controller and Auditor-General*

31. (1) As soon as possible, but in every case within three months after the close of the financial year, the Accounting Officer shall prepare accounts of appropriation of all the services in the approved estimates of the Territorial Authority of that financial year and shall transmit such accounts to the Controller and Auditor-General for examination. Copies of such accounts shall be submitted to the Secretary.

(2) In the case of a tribal authority the treasurer shall prepare a statement of receipts and payments and an account of appropriation of all services in the approved estimates for the finacial year and shall submit such statement and account to the Chief Director who shall forward copies thereof to the Secretary.

*Form of Appropriation Account*

32. An appropriation account shall—

(a) in the case of the Territorial Authority, exhibit on the charge side thereof every sum appropriated by the Territorial Authority for the service of the financial year to which the account relates; and

(b) in the case of a tribal authority, exhibit on the charge side thereof every sum in the approved estimates of expenditure and every amount specially approved by the Excutive Council for the service of the financial year to which the account relates,

and exhibit on the discharge side thereof every sum which may have actually come in course of payment within the same period.

*Explanations to Accompany Appropriation Account*

33. Every appropriation account shall be accompanied by an explanation of any variation as compared with the provision included in such account and such explanation as well as the appropriation account shall—

(a) in the case of the Territorial Authority, be signed by the Accounting Officer; and

(b) in the case of a tribal authority, be signed by the chief and a councillor and the treasurer of such authority.

*Issue of Financial Instructions*

34. Financial instructions' not inconsistent with these regulations, governing the general financial and stores administration of matters in respect of which the Territorial Authority and a tribal authority may in terms of the provisions of the Act exercise powers and perform functions and duties, may from time to time be issued by the Secretary.

*Tender Board Matters*

35. (1) The Minister may by notice in the *Gazette* establish a board which shall be charged with the procurement of supplies and services for and on behalf of the Territorial Authority and tribal authorities, and the disposal of authority stores.

30. (1) So spoedig moontlik nadat die rekenings ten opsigte van enige boekjaar afgesluit is, maar in elke geval binne drie maande na die afsluiting van die boekjaar moet die Rekenpligtige Beampte aan die Kontroleur en Ouditeur-generaal sodanige rekenings ten opsigte van alle trust- en dergelike fondse verstrek as wat die Sekretaris na oorlegpleging met die Kontroleur en Ouditeur-generaal belas.

(2) Dergelike rekenings ten opsigte van gelde tydelik inbetaal in die tesourie van 'n stamowerheid moet aan die Rekenpligtige Beampte verstrek word.

*Opstel van Rekenings en Deursending aan die Kontroleur en Ouditeur-generaal*

31. (1) So gou moontlik, maar in elke geval binne drie maande na die afsluiting van die boekjaar, moet rekenings van appropriasie van al die dienste op die goedgekeurde begroting van die Gebiedsowerheid van daardie boekjaar deur die Rekenpligtige Beampte opgestel en aan die Kontroleur en Ouditeur-generaal deurgestuur word om nagesien te word. Afskrifte van sodanige rekenings word aan die Sekretaris gestuur.

(2) In die geval van 'n stamowerheid moet 'n staat van ontvangste en betalings en 'n rekening van appropriasie van al die dienste op die goedgekeurde begroting vir die boekjaar deur die tesourier opgestel en deurgestuur word aan die Hoofdirekteur wat afskrifte daarvan aan die Sekretaris stuur.

*Vorm van Appropriasierekening*

32. 'n Appropriasierekening moet—

(a) in die geval van die Gebiedsowerheid aan die ontvangstekant daarvan elke bedrag aantoon wat deur die Gebiedsowerheid bewillig is vir die diens van die boekjaar waarop die rekening betrekking het; en

(b) in die geval van 'n stamowerheid aan die ontvangstekant elke bedrag aantoon van die goedgekeurde begroting van uitgawe en elke bedrag spesiaal goedgekeur deur die Uitvoerende Raad vir die diens van die boekjaar waarop die rekening betrekking het,

en aan die uitgawekant daarvan aantoon elke bedrag wat gedurende dieselfde tydperk werklik betaal is.

*Verduidelikings moet Appropriasierekenings Vergesel*

33. Elke appropriasierekening gaan vergesel van 'n verduideliking van enige verskil vergeleke met die voorsiening wat in sodanige rekening ingesluit is en sodanige verduideliking sowel as die appropriasierekening word—

(a) in die geval van die Gebiedsowerheid deur die Rekenpligtige Beampte onderteken; en

(b) in die geval van 'n stamowerheid onderteken deur die kaptein en 'n raadslid en die tesourier van sodanige owerheid.

*Uitreik van Finansiële Voorskrifte*

34. Finansiële voorskrifte, wat nie met hierdie regulasies strydig is nie, betreffende die algemene finansiële en voorrade-administrasie van aangeleenthede ten opsigte waarvan die Gebiedsowerheid en 'n stamowerheid ingevolge die bepalings van die Wet bevoegdhede uitoefen en werksaamhede en pligte verrig, kan van tyd tot tyd deur die Sekretaris uitgereik word.

*Tenderraadaangeleenthede*

35. (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n raad instel wat belas word met die verkryging van leweransies en dienste vir en ten behoewe van die Gebiedsowerheid en stamowerhede en die beskikking oor owerheidsvoorrade.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Until such a board is established, instructions governing the procedure to be observed in the procurement of such supplies and services and the disposal of such stores may be issued by the Secretary from time to time.

*Delegation of Authority, Powers and Functions*

36. (1) Where in these regulations the authority of the Minister is required for the performance of any act the Minister may, in his discretion, delegate such authority to the Secretary.

(2) The Secretary may delegate any of the powers or functions conferred upon him by these regulations to an officer of the Department of Bantu Administration and Development or to the Chief Director.

(3) The Chief Director, with the approval of the Secretary, may delegate any powers conferred upon him in terms of these regulations to the Chief Accountant, a director of a department or any other official.

*Departure from these Regulations only Permissible on Authority of Secretary*

37. No departure from the provisions of these regulations shall be permitted unless prior approval has been granted by the Secretary, after consultation with the Controller and Auditor-General.

(2) Totdat so 'n raad ingestel is, kan voorskrifte wat die prosedure reël wat gevolg moet word vir die verkryging van sodanige leweransies en dienste en vir die beskikking oor sodanige voorrade van tyd tot tyd deur die Sekretaris uitgereik word.

*Oordrag van Magtiging, Bevoegdhede en Werksaamhede*

36. (1) Waar in hierdie regulasies die magtiging van die Minister vereis word vir die uitvoering van enige handeling, kan die Minister, na goeddunke, sodanige magtiging aan die Sekretaris oordra.

(2) Die Sekretaris kan enige van die bevoegdhede of werksaamhede by hierdie regulasies aan hom verleen of opgedra, oordra aan 'n beampte van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling of aan die Hoofdirekteur.

(3) Die Hoofdirekteur kan, met die goedkeuring van die Sekretaris, enige bevoegdhede aan hom verleen ingevolge hierdie regulasies aan die Hoofrekenmeester, 'n direkteur van 'n departement of enige ander amptenaar oordra.

*Afwyking van hierdie Regulasies slegs Toelaatbaar indien die Sekretaris Magtiging daartoe Verleen*

37. Geen afwyking van die bepalings van hierdie regulasies word toegelaat nie tensy goedkeuring vooraf van die Sekretaris, na oorlegpleging met die Kontroleur en Ouditeur-generaal, verkry is.

# GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

No. R. 604 18 April 1969

THE SEEDS ACT, 1961 (ACT 28 OF 1961).—SEED WHICH IS DECLARED SEED FOR THE PURPOSES OF THE ACT

Under the powers vested in me by the definition of "seed" in section *one* of the Seeds Act, 1961 (Act 23 of 1961), I, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister of Agriculture, do hereby declare the kind of seed set out in the Schedule hereto to be seed for the purposes of the said Act.

D. C. H. UYS,
Minister of Agriculture

SCHEDULE

*Medicago* species (Medics).

# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE

No. R. 604 18 April 1969

WET OP SAAD, 1961 (WET 28 VAN 1961).—SAAD WAT TOT SAAD VIR DOELEINDES VAN DIE WET VERKLAAR WORD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by die woordomskrywing van "saad" in artikel *een* van die Wet op Saad, 1961 (Wet 28 van 1961), verklaar ek, Dirk Cornelis Hermanus Uys, Minister van Landbou, die soort saad in die Bylae hiervan uiteengesit tot saad vir doeleindes van genoemde Wet.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou.

BYLAE

*Medicago* spesies (Medics).

## DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 601 18 April 1969

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF REGULATIONS (No. MR/22)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend the regulations published in Government Notice R. 555 of 13 April 1966, by the substitution in the last sentence of regulation 4.04.09 for the word "twenty-four" of the word "twelve".

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

*Note.*—The effect of this notice is that payment of duty in respect of petroleum products is to be effected monthly instead of twenty-four times per annum.

## DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 601 18 April 1969

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN REGULASIES (No. MR/22)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby die regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing R. 555 van 13 April 1966 deur in die laaste sin van regulasie 4.04.09 die woord "vier-en-twintig" deur die woord "twaalf" te vervang.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

*Opmerking.*—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat betaling van reg ten opsigte van petroleumprodukte maandeliks in plaas van vier-en-twintig keer per jaar moet geskied.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION

No. R. 612 18 April 1969

THE NATIONAL EDUCATION POLICY ACT, 1967

DETERMINATION OF NATIONAL EDUCATION POLICY.—REQUIREMENTS RELATING TO COMPULSORY EDUCATION AND LIMITS OF COMPULSORY SCHOOL-GOING AGE

I, Johannes de Klerk, Minister of National Education, by virtue of the powers vested in me by section 2 (1) of the National Education Policy Act, 1967 (Act 39 of 1967), hereby determine the national education policy in terms of subsection (d) of the said section with effect from 1 January 1970 as follows: —

POLICY REGARDING COMPULSORY EDUCATION FOR WHITES IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

1. *Pupils in the Normal Range*

1.1 *Compulsory lower limit.*—School attendance shall be compulsory for every White child in the Republic of South Africa from the beginning of the school year in which he or she attains the age of seven years: Provided that a pupil may be granted exemption from attendance at school by the Educational Head on the grounds of ill health, confirmed by a medical practitioner, or on any other grounds, except indigence, which the Educational Head deems sufficient.

1.2 *Permissible lower limit.*—Children may be admitted to school at the beginning of the school year in which they attain the age of six years, but only if their birthday falls before 1 July; otherwise they shall not be admitted until the beginning of the following year.

1.3 *Compulsory upper limit.*—All pupils shall remain at school until the end of the year in which they attain the age of 16 years.

1.4 *Upper permissible limit.*—Without the approval of the Educational Head concerned no pupil—

(a) shall be allowed to remain at school after the end of the year in which he attains the age of 20; and

(b) shall be admitted or re-admitted to any school after attaining the age of 19 years.

2. *Deviate Pupils*

2.1 *Lower limit.*—Children who, after presenting themselves for admission to a school on attaining the compulsory school-going age, are deemed by the authorised officers to be unsuited to a normal school, may be permitted to delay their attendance at school until such time as they are considered by such officers to be ready for the type of education provided for them.

2.2 *Upper limit.*—Mentally retarded pupils shall be allowed to leave school at the end of the year in which they attain the age of 16 years only if they have completed their course or are deemed ready to leave school and to adapt themselves to the outside world; provided that such pupils shall not remain at school beyond the end of the year in which they attain the age of 20 years, unless the Educational Head concerned approves otherwise.

J. DE KLERK,
Minister of National Education.

## DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS

No. R. 612 18 April 1969

DIE WET OP DIE NASIONALE ONDERWYSBELEID, 1967

BEPALING VAN NASIONALE ONDERWYSBELEID.—VEREISTES BETREFFENDE SKOOLPLIG EN DIE GRENSE VAN SKOOLPLIGTIGE LEEFTYD

Ek, Johannes de Klerk, Minister van Nasionale Opvoeding, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (1) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (Wet 39 van 1967), bepaal hierby die nasionale onderwysbeleid ingevolge subartikel (d) van genoemde artikel met ingang van 1 Januarie 1970 soos volg: —

BELEID BETREFFENDE SKOOLPLIG VIR BLANKES IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

1. *Leerlinge in die Normale Groep*

1.1 *Verpligte onderste skoolpliggrens.*—Skoolbesoek is vir elke Blanke kind in die Republiek van Suid-Afrika verpligtend van die begin van die skooljaar waarin hy of sy die leeftyd van sewe jaar bereik; met dien verstande dat 'n leerling deur die Onderwyshoof van skoolbesoek vrygestel kan word op grond van swak gesondheid wat deur 'n geneesheer bevestig is, of om enige ander rede, uitgesonderd behoeftigheid, wat die Onderwyshoof as voldoende ag.

1.2 *Toelaatbare onderste grens.*—Kinders kan tot 'n skool toegelaat word vanaf die begin van die skooljaar waarin hulle die leeftyd van ses jaar bereik, maar slegs indien hul verjaarsdag voor 1 Julie val; anders mag hulle nie voor die begin van die volgende skooljaar toegelaat word nie.

1.3 *Verpligte boonste grens.*—Alle leerlinge moet op skool bly tot die einde van die jaar waarin hulle die leeftyd van 16 jaar bereik.

1.4 *Boonste toelaatbare grens.*—Sonder die goedkeuring van die betrokke Onderwyshoof mag geen leerling—

(a) toegelaat word om op skool te bly na die einde van die jaar waarin hy die leeftyd van 20 jaar bereik nie;

(b) tot 'n skool toegelaat of hertoegelaat word nadat hy die leeftyd van 19 jaar bereik het nie.

2. *Afwykende Leerlinge*

2.1 *Onderste grens.*—Skoolpligtige kinders wat, nadat hulle hulle vir toelating by 'n skool aangemeld het, deur die gemagtigde beamptes ongeskik vir die normale skool geag word, kan toegelaat word om hul skoolbesoek uit te stel tot tyd en wyl dié beamptes hulle gereed ag vir die soort onderwys wat vir hulle verskaf word.

2.2 *Boonste grens.*—Verstandelik vertraagde leerlinge word toegelaat om die skool te verlaat aan die einde van die jaar waarin hulle die leeftyd van 16 jaar bereik, maar alleen as hulle hul kursus voltooi het of gereed geag word om die skool te verlaat en hulle by die buitewêreld aan te pas; met dien verstande dat sodanige leerlinge nie langer as die einde van die jaar waarin hulle die leeftyd van 20 jaar bereik, op skool mag bly nie, tensy die betrokke Onderwyshoof anders goedkeur.

J. DE KLERK,
Minister van Nasionale Opvoeding.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 620 18 April 1969

## UNIVERSITY OF THE WITWATERSRAND, JOHANNESBURG. — REGULATIONS — AMENDMENT

The Minister of National Education has, under and by virtue of the powers vested in him by section 17 (5) of the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955), approved the following amendments to the Regulations of the University of the Witwatersrand, Johannesburg, published under Government Notice R. 1434 of 31 August 1962, as amended by Government Notice R. 892 of 10 June 1966:—

1. The following regulation is substituted for regulation 5:—

"5. A student who does not complete the number of courses set out hereunder may be refused permission by the Senate to renew his registration on the ground that he has failed to fulfil the minimum requirements of study:—

(1) In the Faculty of Arts:

First year: One course.
In the case of a student repeating the first year: Two courses.

(2) In the Faculty of Science:

(a) (i) First year: Two courses.
(ii) In the case of a student repeating the first year: Three courses.
(b) Second year: A course in a subject at major level.
(c) Third year: A final course in a major subject.

(3) In the Faculty of Medicine:

M.B., B.Ch.:

(a) (i) First year: Three courses.
(ii) In the case of a student repeating the first year: All courses.
(b) (i) Second year: One course.
(ii) In the case of a student repeating the second year: All courses.
(c) Third year: In the case of a student repeating the third year: All courses.
(d) Fourth, fifth and sixth years: In the case of a student repeating the fourth, fifth or sixth year: All courses.

B.Sc. (Physiotherapy):

(a) (i) First year: Three courses.
(ii) In the case of a student repeating the first year: All courses.
(b) (i) Second year: One course.
(ii) In the case of a student repeating the second year: All courses.
(c) Third and fourth years: In the case of a student repeating the third or fourth year: All courses.

(4) In the Faculty of Engineering:

Part 1 of the curriculum:
(a) One course in any one year of study.
(b) All Group A courses within three years of study.
(c) All courses within four years of study.

(5) In the Faculty of Commerce:

(a) (i) First year:

Full-time students: Two courses.
Part-time students: One course.

(ii) In the case of a student repeating the first year:

Full-time students: Three courses.
Part-time students: Two courses.

No. R. 620 18 April 1969

## UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND, JOHANNESBURG.—WYSIGING VAN REGULASIES

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 17 (5) van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), het die Minister van Nasionale Opvoeding sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysigings van die Regulasies van die Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1434 van 31 Augustus 1962, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 892 van 10 Julie 1966:—

1. Regulasie 5 word deur die volgende regulasie vervang:—

"5. Die Senaat kan 'n student wat nie die getal kursusse hieronder uiteengesit voltooi nie, verlof om sy inskrywing te hernieu, weier op grond daarvan dat hy in gebreke gebly het om aan die minimum studievereistes te voldoen: —

(1) In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte:

Eerste jaar: Een kursus.
In die geval van 'n student wat die eerste jaar herhaal: Twee kursusse.

(2) In die Fakulteit Natuurwetenskappe:

(a) (i) Eerste jaar: Twee kursusse.
(ii) In die geval van 'n student wat die eerste jaar herhaal: Drie kursusse.
(b) Tweede jaar: 'n Kursus in 'n vak op hoofvakpeilgehalte.
(c) Derde jaar: 'n Finale kursus in 'n hoofvak.

(3) In die Fakulteit Geneeskunde:

M.B., B.Ch.:

(a) (i) Eerste jaar: Drie kursusse.
(ii) In die geval van 'n student wat die eerste jaar herhaal: Alle kursusse.
(b) (i) Tweede jaar: Een kursus.
(ii) In die geval van 'n student wat die tweede jaar herhaal: Alle kursusse.
(c) Derde jaar: In die geval van 'n student wat die derde jaar herhaal: Alle kursusse.
(d) Vierde, vyfde en sesde jaar: In die geval van 'n student wat die vierde, vyfde of sesde jaar herhaal: Alle kursusse.

B.Sc. (Fisioterapie):

(a) (i) Eerste jaar: Drie kursusse.
(ii) In die geval van 'n student wat die eerste jaar herhaal: Alle kursusse.
(b) (i) Tweede jaar: Een kursus.
(ii) In die geval van 'n student wat die tweede jaar herhaal: Alle kursusse.
(c) Derde en vierde jaar: In die geval van 'n student wat die derde en vierde jaar herhaal: Alle kursusse.

(4) In die Fakulteit Ingenieurswese:

Deel I van die leergang:

(a) Een kursus in enige studiejaar.
(b) Alle Groep A-kursusse binne drie studiejare.
(c) Alle kursusse binne vier studiejare.

(5) In die Fakulteit Handelswetenskappe:

(a) (i) Eerste jaar:

Voltydse studente: Twee kursusse.
Deeltydse studente: Een kursus.

(ii) In die geval van 'n student wat die eerste jaar herhaal:

Voltydse studente: Drie kursusse.
Deeltydse studente: Twee kursusse.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(iii) In the case of a student who has obtained credit in the first year of study but has to complete further courses before proceeding to the second year of study: One further course.

(b) Second year: In the case of a student who, having failed at the first attempt to obtain credit for any of the courses prescribed for the second year of study, is repeating courses for that year of study:

Full-time students: Two of the courses prescribed for the second year of study.

Part-time students: One of the courses prescribed for the second year of study.

(6) In the Faculty of Law:

(a) First year: Two courses.
(b) In the case of a student repeating the first year: The number of courses required for obtaining credit: Provided that for the purposes of clauses (a) and (b) the test in Legal Latin shall not count as a course.

(7) In the Faculty of Dentistry:

(a) (i) First year: Three courses.
(ii) In the case of a student repeating the first year: All courses.
(b) (i) Second year: One course.
(ii) In the case of a student repeating the second year: All courses.
(c) (i) Third year: One course, which shall be either General Pathology or Pre-clinical Prosthetic Dentistry.
(ii) In the case of a student repeating the third year: All courses.
(d) (i) Fourth year: Two courses.
(ii) In the case of a student repeating the fourth year: All courses.

(8) In the Faculty of Architecture:

B.Arch:

(a) (i) First year: Two courses.
(ii) In the case of a student repeating the first year: Four courses, which shall include the courses in Architectural Design I and Building Construction I.
(b) (i) Second year: Two courses.
(ii) In the case of a student repeating the second year: Four courses, which shall include the courses in Architectural Design II and Building Construction II.

B.Sc. (Building):

(a) (i) First year: Two courses.
(ii) In the case of a student repeating the first year: Three courses.
(b) (i) Second year: Two courses.
(ii) In the case of a student repeating the second year: Three courses.

B.Sc. (Q.S.):

(a) (i) First year: Two courses.
(ii) In the case of a student repeating the first year: Three courses.
(b) (i) Second year: Two courses.
(ii) In the case of a student repeating the second year: Three courses.

B.Sc. (T.R.P.):

(a) (i) First year: Two courses.
(ii) In the case of a student repeating the first year: Three courses.
(b) (i) Second year: Two courses.
(ii) In the case of a student repeating the second year: Three courses."

